

9 Maart

Lukas 11:1-4

Hoe bid ons?

Hoeveel maal het u nie al teleurgesteld en gefrustreerd van u knieë af opgestaan nie?

Ons het miskien 'n aantal geyskte terme gebruik, ...maar het ek toe werklik gebid? En dan ook nog die gedagtes wat so maklik dwaal. Een van die dissipels het Jesus hoor bid en vra aan Hom: "Here leer ons bid..."

Moet 'n mens dan leer om te bid? Kom dit dan nie vanself nie? Dryf die nood jou dan nie na die gebed nie? Hoeveel gebede en uitroepe om hulp word nie daagliks gehoor nie? Dink maar net aan die heidene en almal wat vreemde gode aanhang. Christene moet egter onthou: Om te bid beteken nie om iets te bekom nie. Hoe dikwels faal ons nie, want dit gaan menigmaal hoofsaaklik maar om die daaglikse nood. Jesus leer sy dissipels in Matt 6:32: "Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het."

Ons word in hierdie lewe na Jesus Christus gedrywe, want nêrens anders vind 'n mens ware rus vir jou ontstemde gemoed vanweë die sonde nie. Gelowiges hoef God ook nie eers gunstig te stem nie; sy genade het Hy alreeds in Christus bewys. Jesus antwoord: "Wanneer julle bid, sê dan: Vader,..." Wonderlik! Wie mag sê vader? Gewoonlik is dit net 'n kind wat hierdie aanspreekvorm gebruik. Dit beteken, net diegene wat in Jesus Christus glo, mag nederig dankbaar deur Hom tot die Vader nader. Mag u, liewe leser, saam met u Verbondskinders hierdie Vader deur ons Here Jesus waaragtig ken!

Sing Skrifberyming 28:1

Ds. J. Kits (Carolina)